

# Hoofstuk 2

## DIE HEERSKAPPY VAN GOD:

### *1. Inleiding:*

In die vorige hoofstuk is vermeld dat Heyns waardevolle onderskeidings in die koninkryksleer raakgesien het, al het hy dit nie altyd orals konsekwent toegepas nie. Nou wil ons graag daardie onderskeidings van nader beskou. Die eerste onderskeid is die onderskeid tussen die heerskappy van God en die koninkryk van God. Die tweede onderskeid is die onderskeid tussen die realisering van die koninkryk van God en die eskatologiese vervulling van die koninkryk van God. Ek is daarvan oortuig dat hierdie begrippe nie identiese wissel terme is nie, al word dit soms deur teoloë as identiese wissel terme gebruik. Deur die verskil raak te sien en die onderskeidings konsekwent te handhaaf, kan moeilike teologiese vraagstukke moontlik sinvol beantwoord word. Dit sal ons in die vierde hoofstuk probeer aantoon.

Daar is verskeie plekke in Heyns se teologie waar hy onderskeidings tussen dogmatiese begrippe aantoon. Dikwels, amper klokslag, sal Heyns skryf dat die begrippe weliswaar van mekaar onderskei kan word, maar nie van mekaar geskei moet word nie. So byvoorbeeld onderskei Heyns tussen die drie ampte van Jesus, sonder om daarmee 'n skeiding in die werk van Jesus Christus te impliseer. Hoogstens wil hy daarmee bepaalde fasette van Jesus se werk in die koninkryk belig.<sup>531</sup>

Nog 'n voorbeeld tref ons aan waar Heyns die onderskeiding individueel en universeel ten opsigte van die eskatologie handhaaf. Hy wil nie deur hierdie onderskeid voorgee dat die twee aangeleenthede van mekaar geskei kan word nie. Daar is alreeds sommige gebeurtenisse wat die individu tydens sy sterwe ervaar, wat hom die eindtyd laat beleef. Dit wat die gelowige aan die einde van

---

<sup>531</sup> Heyns JA, *Dogmatiek*, 1981, 275.

sy lewe ondervind, is vir Heyns in 'n sekere sin juis 'n deurgang tot die finale en wêreldomspannende gebeurtenisse aan die einde. Vir die ongelowiges daarteenoor, voorsien Heyns 'n dubbele horison: die einde van hulle eie aardse lewe en die begin van die smarte van die verderf, maar daarna, aan die einde van die tyd, saam met al die ongelowiges, die volle smarte van die ewige verderf.<sup>532</sup>

Dieselfde beginsel sal ook in hierdie twee onderskeidings gehandhaaf moet word. Wanneer ons die koninkryk van God onderskei van die heerskappy van God, wil ons daarmee geensins sê dat die koninkryk van God van die heerskappy van God losgemaak kan word nie, al is die heerskappy van God nie afhanklik van die koninkryk van God nie. Al is hulle nie identiese wisseltermen nie, beteken dit nie dat hulle nie in 'n bepaalde verhouding tot mekaar staan nie. Dit geld in 'n sekere sin ook vir die onderskeid tussen die realisering van die koninkryk van God en die eskatologiese vervulling van die koninkryk van God.

Met dít in gedagte, kan daar nou voortgegaan word om die twee onderskeidings afsonderlik te bespreek.

Heyns onderskei 'n dubbele perspektief in die begrip "koninkryk van God": naamlik die transendent subjektiewe, naamlik: die heerskappy van God en die immanent *subjektiewe*, naamlik: die aanvaarding van en onderwerping aan Sy heerskappy. Wanneer Heyns laasgenoemde saamvat onder die term gehoorsaamheid, beskryf hy gehoorsaamheid as die subjektiewe korrelaat van die heerskappy van God en hy beskou die heerskappy van God as die objektiewe korrelaat van gehoorsaamheid.<sup>533</sup>

Die heerskappy van God en die koninkryk van God is nie identiese begrippe of sinonieme wisseltermen nie. Daar wil voorkom asof daar by sommige teoloë die misverstand heers, dat dit wel die geval is en hulle gebruik die twee begrippe asof dit presies dieselfde inhoud het en na presies dieselfde saak verwys.<sup>534</sup>

---

<sup>532</sup> Heyns JA, *Dogmatiek*, 1981, 393-394.

<sup>533</sup> Heyns JA, *Lewende Christendom*, 1972, 49-50.

<sup>534</sup> Pannenberg W, *aw*, 1977, 25.

Hierdie onderskeid word ook nie deurgaans konsekwent toegepas deur Heyns se Ou Testamentiese leermeester, S. Du Toit, nie.<sup>535</sup> Dikwels word die heerskappy van God en die koninkryk van God as sinonieme wissel terme deur hom gebruik, asof dit identiese begrippe is, wat na een en dieselfde saak verwys.

Ook in die *Nuwe Lewende Vertaling* word hierdie onderskeid skynbaar nie besef nie en word byvoorbeeld Matteus 13:31 myns insiens verkeerd vertaal. Daar word in die gelykenis van die mosterdsaad, wat handel oor die dinamiese realisering van die koninkryk van God, ἡ βασιλεία τῶν οὐρανῶν vertaal met die koningsheerskappy van God. God se heerskappy is objektief, absoluut en ewig en kan nie gerealiseer word nie, soos later aangetoon sal word. Die koninkryk van die hemele (letterlik vertaal) daarenteen, kan wel soos 'n mosterdsaad ontkiem en groei en dinamies gerealiseer word.<sup>536</sup>

Selfs Heyns, wat hierdie onderskeid raakgesien het, handhaaf dit nie altyd konsekwent nie. 'n Goeie voorbeeld hiervan vind ons in sy bespreking van die wonderwerke wat Jesus verrig het. Hy skryf dat die koninkryk van God wat van die begin af altyd daar was (Psalm 145:13, Daniël 4:34), maar vanweë die sonde só verwoes en vermink is dat dit “ver weg” was, het egter weer in Christus *naby* gekom (Markus 1:15). In die oorwinning wat Jesus telkens oor Satan behaal as Hy die bose geeste uit mense verdryf, sien Heyns die bewys, dat dié magte verbreek is en dat God besig was om sý heerskappy te hervestig. Deur Christus se wonders en tekens het Hy bewys dat Hy Kosmokrator is, omdat Hy nie net oor die mens en sy siel nie, maar oor die ganse kosmos regeer (Matteus 28:18, Filippense 2:10).<sup>537</sup>

Hierdie woorde van Heyns dui, wat my aanbetref, op 'n oorhaastige formulering. Volgens Heyns was God besig om deur Jesus Christus sy "heerskappy" te

---

<sup>535</sup> Vergelyk Du Toit S, *aw*, 1974, 48, waar du Toit beweer dat die koninkryksgedagte die hele begrip van die regering van God oor sy volk en veral die handhawing van daardie volk in glorie aan die einde van die geskiedenis omvat.

<sup>536</sup> *Die Bybel*, Nuwe Lewende Vertaling, Christelike Uitgewersmaatskappy, 2006.

<sup>537</sup> Heyns JA, *Lewende Christendom*, 1972, 51. Ek het die woorde “koninkryk” en “heerskappy” onderstreep, om aan te dui hoe Heyns soms hierdie begrippe as sinonieme wissel terme gebruik.

hervestig. Dit impliseer dat daar 'n stadium moes wees waarin God se transendent subjektiewe heerskappy nie volledig bestaan het nie. Dit is eenvoudig onmoontlik. God se transendent subjektiewe heerskappy is hoegenaamd nie afhanklik van die mens se gehoorsaamheid daaraan nie. Dit bestaan in 'n objektiewe sin, van ewigheid tot in ewigheid, maar later sal meer hieroor gesê moet word. 'n Beter formulering sou wees dat God deur Jesus Christus besig was om die mens se immanent subjektiewe gehoorsaamheid te hervestig, want God se heerskappy bestaan in 'n objektiewe sin, of die mens dit nou gehoorsaam aanvaar of nie. Aan die ander kant sou daar eerder gesê kon word dat God deur Jesus Christus besig was om sy "koninkryk" te hervestig.

Ek het verder ook nie 'n probleem daarmee om die heerskappy van God in 'n ontologiese, universeel-kosmiese sin te verstaan nie. Sy heerskappy strek inderdaad oor letterlik alles en almal en Hy is beslis Kosmokrator, maar die koninkryk van God kan ek nie, soos Heyns, in 'n ontologiese, universeel-kosmiese sin verstaan nie. Die redes hiervoor sal later duideliker uitgespel moet word.

Indien Heyns die onderskeid tussen die heerskappy van God en die koninkryk van God konsekwent gehandhaaf het, sou hierdie oorhaastige formulering dus nie ingesluit het nie en sou daar ook nie 'n probleem gewees het met sy ontologiese, universeel-kosmiese beskrywings, as hy dit beperk het tot die heerskappy van God en dit nie ook op die koninkryk van God van toepassing gemaak het nie.

Voordat ons onself te ver vooruit loop, het dit nou noodsaaklik geword om hierdie onderskeiding tussen die heerskappy van God en die koninkryk van God aan die orde te stel. Daar sal eerstens gekyk word na die heerskappy van God en tweedens na die koninkryk van God. In dié proses behoort die verskille en die ooreenkomste en die interafhanklike relasie tussen die twee duidelik na vore te kom.

## ***2. Die heerskappy van God:***

Die heerskappy van God verwys na die feit dat die drie-enige God Koning is oor die heelal en dat Hy oor sy skepping regeer. Wanneer Heyns oor die transendensie en immanensie van God skryf, beklemtoon hy dat God soewereïn heers oor sy skepping, en dat Hy daarom nooit opgesluit kan word in, of beperk kan word tot, of op enige wyse begrens kan word deur sy skepping nie. Vir Heyns is dit belangrik om beide die immanensie en die transendensie van God, gelyk en onverminderd te handhaaf.<sup>538</sup> Hierdie poging van Heyns om panteïsme te vermy, is bewonderenswaardig.

Oor God se transendente bestaan in die hemel, skryf Heyns dat God in die hemel is, van waaruit Hy handelend optree sonder om die hemel te verlaat. Vanuit die hemel kyk God neer op die aarde, regeer Hy en heers Hy (Psalm 33:13, 14). Daarom is die hemel vir Heyns nie alleen 'n blote plekaanduiding nie, maar eerder 'n dinamiese uitgangsaanduiding: dáár is Hy en vandaar handel Hy. Die hemel is vir Heyns 'n aanwysing van God se teenwoordigheid en aksie, nie alleen op grond van en in sy inkarnasie of openbaring nie, maar ook op grond van sy essensie.<sup>539</sup>

Die heerskappy van God moet in die wydste en mees omvattende universeelkosmiese sin verstaan word. Om te regeer en te heers is 'n wesenskenmerk van die drie-enige God. Dit is net so eie aan sy Goddelike wese, soos die eienskappe waarvan die Nederlandse Geloofsbelijdenis praat in Artikel 1.<sup>540</sup>

---

<sup>538</sup>Heyns JA, *Dogmatiek*, 1981, 44.

<sup>539</sup>Heyns JA, *Dogmatiek*, 1981, 45.

<sup>540</sup>In Artikel 1 bely die Nederlandse Geloofsbelijdenis dat ons almal met die hart glo en met die mond bely dat daar 'n enige en enkelvoudige geestelike Wese is, wat ons God noem. Hy is ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed, en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is. Vergelyk Heyns JA, *Inleiding tot die Dogmatiek*, 1992, 45-61.

Daar sou dus na my mening goedskiks by al die eienskappe bygevoeg kon word dat God van ewigheid tot in ewigheid die Opperheerser is.<sup>541</sup> Sy naam is immers tog ook “Here”, wat Eienaar, Besitter, Baas, Heerser of die Een wat ons beveel, kan beteken.<sup>542</sup>

In sy bespreking van God se eienskappe, en meer spesifiek, God se ewigheid, skryf Heyns dat God ewe naby aan ons verlede en toekoms is as wat Hy aan ons hede is, en dat Hy oor elke fase regeer sonder om daarmee te sê dat dit ’n gelyksoortige heerskappy in elke fase is. God se regering beteken vir Heyns dat die mens die tyd as gevulde tyd beleef. ‘n Tyd gevul deur God, wat sy goedheid en guns, sy beloftes en sy trou, maar ook sy toorn en sy straf insluit.<sup>543</sup>

Heyns onderstreep die feit dat die heerskappy van God ’n trinitariese aangeleentheid is. Hierdie regering van God omskrywe Heyns soos volg: dit is *trinitaries*, want die Vader regeer deur Jesus Christus wat aan sy regterhand sit én die Heilige Gees wat uitgestort is; dit is *ewig*, want sy Koningskap is vir ewig (Psalm 146:10, 121:8); dit is *ondeurgrondelik*, want die beperkte en boonop sondige menslike verstand kan dit nie peil nie (Jesaja 55:8); dit is *onoorwinlik* en *doelgerig*, want alle teenstand word oorwin en diensbaar gestel aan die koms van die koninkryk; dit is alles *insluitend*, want geen enkele aspek van die kosmiese werklikheid is daarvan uitgesluit nie; en ten slotte is God se regering *ruimteskeppend* van aard, want God maak, volgens Heyns, van ’n onbepaalbare aantal gevarieerde middels in sy heerskappy gebruik. Dit sluit onder andere wonderwerke, natuurwette, en selfs owerhede in.<sup>544</sup>

---

<sup>541</sup> Vergelyk byvoorbeeld Psalm 136:2-3. Sien in die verband ook Kraus H-J, *Psalmen*, 2. Teilband, Psalmen 64-150, 1972, 901-902, asook Anderson AA, *The Book of Psalms*, Volume II, (73-150), 1983, 894. Daar is talle ander voorbeelde in die Psalms waarin God se koningsheerskappy besing word, saam met sommige ander eienskappe. Enkele voorbeelde is: Psalm 47:1, 5-9, Psalm 66:6-7, Psalm 55:19, 59:14, Psalm 103:19, Psalm 145:10-13 en Psalm 146:10.

<sup>542</sup> Vergelyk Louw JP (ed) en Nida EA (ed), *aw*, 1988, 12.9: **κύριος, οὗ μ:** (a title for God and for Christ) one who exercises supernatural authority over mankind—‘Lord, Ruler, One who commands’ The most common equivalent of ‘Lord’ is a term meaning ‘chief’ or ‘leader,’ but frequently this cannot be employed as a title for ‘God.’ One may, however, combine such an expression with a term for ‘God’ and employ a phrase meaning ‘God our leader’ or ‘God our chief.’ In some instances, however, a term for ‘Lord’ is related to a verb meaning ‘to command’ or ‘to order,’ and therefore ‘Lord’ is rendered as ‘the one who commands us’ and combined with ‘God’ may form a phrase such as ‘God, the one who commands us.’

<sup>543</sup> Heyns JA, *Dogmatiek*, 1981, 62.

<sup>544</sup> Heyns JA, *Dogmatiek*, 1981, 149. Ook Heyns se Skrifberoep op Psalm 121:8, is hier nie gepas nie. Psalm 121:8 verkondig God se beskerming aan die gelowige, vir altyd. Kan God se beskerming vir

Elke Persoon in die Goddelike drie-eenheid voer na Heyns se mening saam heerskappy omdat dit net een Goddelike wese is, maar elke Persoon doen dit op 'n spesiale wyse, wat aansluit by elkeen se persoonlike rol, werk of funksie. Ongelukkig tref Heyns ook nie in dié verband konsekwent die onderskeid tussen die heerskappy van God en die koninkryk van God nie. Hy bespreek die aangeleentheid onder die algemene karakter van die koninkryk in *Teologiese Etiek 2/1* en in *Dogmatiek* onder Jesus se boodskap aangaande die koninkryk. Heyns bespreek dit onder die Paterokratiese, Christokratiese en Pneumatokratiese dimensies van God se koninkryk.<sup>545</sup> Aangesien ek graag hierdie onderskeid duideliker en meer konsekwent wil handhaaf, sou Heyns na my mening beter kon doen deur dit nie dimensies van die koninkryk van God te noem nie, maar eerder daarna te verwys as dimensies van die heerskappy van God.

Vervolgens kan ons dus kortliks dieper ingaan op elkeen van hierdie dimensies van die heerskappy van God.

### **2.1. Paterokrasie:**

Wat die Paterokratiese dimensie aanbetref, vestig Heyns ons aandag daarop dat die ganse Skrif – maar veral die Ou Testament – leer dat God regeer. Daarvoor beroep hy hom op Jesaja 45:5-7; 2 Konings 19:15; Eksodus 15:18; Psalm 99:1, 97:1, 96:10, 47:9; en 1 Timoteus 6:15.<sup>546</sup>

---

altyd en God se regering vir ewig, werklik as sinonieme bestempel word? God se ewigdurende heerskappy is tog wyer en omvattender as God se beskerming. Vergelyk Allen LC, *Psalms 101-150*, 1987, 150-154, asook Kraus H-J, *Psalmen*, 1972, 836-837. Ook hier is Heyns se Skrifberoepe onder verdenking.

<sup>545</sup> Heyns JA, *Teologiese Etiek 2/1*. 1986, 43-48, Vergelyk ook: Heyns JA, *Dogmatiek*, 1981, 276.

<sup>546</sup> Heyns JA, *Dogmatiek*, 1981, 149. Heyns stel dit baie sterk dat hierdie teksverse onomwonde en onmiskenbaar duidelik leer dat God regeer en Hy alleen. Jesaja 45:5-7 gaan egter nie oor die heerskappy of regering van God nie. Dit gaan oor die feit dat God alleen die enigste God is, en oor sy onbeperkte skeppingsmag. Vergelyk Westermann C, *Isaiah 40-66*, 1977, 160-162. Indirek sou 'n mens dus kon aflei dat God se ontologiese en kosmologiese-oorspannende heerskappy ook in hierdie teksvers terug te vind is. Dit is daarom debatteerbaar of dit in hierdie teksvers so onomwonde en onmiskenbaar duidelik is, soos Heyns dit sien. Die ander tekste verkondig egter wel duidelik dat God regeer.

Die wonder staan vir Heyns in 'n onlosmaaklike verband met die universele handeling van God se regering oor alle dinge. Hy beskou die wonder as 'n instrument in God se hand wat glad nie 'n teenstelling vorm met die natuur en sy werking nie, maar wat Heyns eerder wil beskou as God se ongewone wyse van regering. Vir die mens vorm dit wél 'n teenstelling met die natuurlike verloop van sake.<sup>547</sup>

Dit is nie die enigste wyse waarop God regeer nie. Volgens Heyns het God met sy Skeppingswoord nie net die kosmos ordelik geskape nie, maar ook in die kosmos orde geskep. Hy noem dat God die syn en synswyse van onder andere stof, plant, dier en mens vasgelê het; Hy het die raamwerk waarbinne die kosmiese gebeure afspeel en die kosmiese gegewenhede in stand hou, eenmaal bepaal en hou dit nog steeds in stand deur sy Voorsienigheidswoord voortdurend te spreek. Sonder hierdie Woordordeninge sou die kosmos na Heyns se oordeel in chaos terugval, en met hierdie Woordordeninge as instrumente in sy hande, regeer God die ganse wêreld.<sup>548</sup>

God gebruik volgens Heyns nie net die wonder, die woord, die wetsorde, die skeppingsorde, en die owerheid om deur te regeer nie, Hy gebruik ook die arbeid van die geloofsgehoorsame mens as bondgenootskaplike medewerkers en beelddraers, as instrumente, om deur hulle te regeer.<sup>549</sup>

God regeer ook as vrug van Jesus Christus se lyding en sterwe oor alle owerheidsmagte wat onder sy heerskappy geplaas is. Heilshistories, redeneer Heyns, het God hulle by die skeppingslewe gevoeg as middels waardeur die sonde en sy vernietigende gevolge bestry moet word. Heyns beskou die staat as God se genadige ordereëling vir 'n sondige bedeling, wat met die koninkryk van God in verband gebring moet word, en dus 'n wesenlike deel van God se voorsienigheidshandeling uitmaak.<sup>550</sup>

---

<sup>547</sup> Heyns JA, *Dogmatiek*, 1981, 149-150.

<sup>548</sup> Heyns JA, *Teologiese Etiek*, 275.

<sup>549</sup> Heyns JA, *Teologiese Etiek* 2/1, 277, asook *Dogmatiek*, 157.

<sup>550</sup> Heyns JA, *Dogmatiek*, 1981, 158-159.



In die lig van Heyns se Koninkryksleer, het die staat of die owerheid die roeping en die taak om die lewe na God se wette en beloftes te orden en in te rig. In die burgerlike wette en verordenings moet die Bybelse norms gehoorsaam word en in die maatskaplike geregtigheid moet die Bybelse geregtigheid weerspieël word. Daarom kan Heyns sê dat die staat 'n "amp" in die koninkryk is, want hy staan – soos die kerk – in diens van die koninkryk. Die staat het gesag, maar teenoor die absolute gesag van God, is die staatsgesag afgeleide of verleende gesag. In God se openbaring vind die staatsgesag sy grond, maar ook sy grens. Gesag wat sy grense nie ken nie, het na Heyns se mening, 'n karikatuur geword. 'n Karikatuur-gesag vernietig die menslike samelewing. Gesag alleen in die hande van hulle wat sêlf in die hande van Jesus Christus is, sal nie volgens Heyns 'n monster word, waarvoor almal bevrees is nie, maar die ruimte wees en bly, waarbinne die lewe tot volle ontplooiing kan kom. Dit beteken vir Heyns nie dat die owerhede oppermagtig is nie. Heyns wys daarop dat wanneer die owerheid egter die grense van sy gesag te buite gaan en van die onderdaan verwag om te doen wat in stryd is met God se openbaring, die onderdaan méér aan God gehoorsaam sal moet wees as aan die mense (Handelinge 5:29).<sup>551</sup>

Hierdie mening van Heyns, naamlik dat die staat 'n "amp" in die koninkryk is, kan ook nie kritiekloos aanvaar word nie. Dit hou verband met Heyns se ontologiese verstaan van die koninkryk van God en die feit dat hy nie die onderskeid tussen die heerskappy van God en die koninkryk altyd konsekwent handhaaf nie. Waarskynlik is die wortels daarvan ook geleë in die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing, soos wat Stoker dit beskryf, waarvolgens geglo word dat alles, ook die staat, verchristelik moet word, soos in die vorige hoofstuk aangetoon is.<sup>552</sup> Na my mening kan die staat, as instituut, nie 'n "amp" in die koninkryk van God wees nie. Slegs die staatsamptenare kan as instrumente in die heerskappy van God diens lewer in die koninkryk van God, in soverre as wat hulle die vrugtekens van die wedergeboorte vertoon. Die staat kan dus nie as sodanig in ontologiese sin, ongekwalfiseerd 'n "amp" in die koninkryk van God genoem word nie.

---

<sup>551</sup> Heyns JA, *Dogmatiek*, 1981, 161.

<sup>552</sup> Vergelyk Stoker HG, *aw*, 1969, 130-131, asook Stoker HG, *aw*, 1967, 54-63.

Hierdie regering van die lewende God – die ware teokrasie – wil Heyns egter nie heidens nie, maar eg Bybels opvat. Met die heidense interpretasie bedoel Heyns dat die mens volledig van die Godsregering uitgesluit is; die Bybelse interpretasie is, na Heyns se mening, dat die mens volledig daarby ingesluit is deurdadig hy geroep word om die wil van God te ken en daarvolgens te handel, want daarin is sy menswaardigheid geleë. In die teokrasie vind die humaniteit en in die humaniteit vind ook die moraliteit, vir Heyns, hulle diepste grond. Daarmee sê Heyns ook dat die God wat die Koning van die koninkryk is, ook die God van die verbond is: die God wat 'n God wil wees vir die volk wat vir Hom 'n volk moet wees, omdat Hy Hom aan die mensegeskiedenis verbind. Dit word, na Heyns se oordeel, uitnemend aan die lig gebring in die verbondsgedagte. Oor die verhouding tussen die verbond en die koninkryk sal later meer gesê moet word. God se heerskappy maak van die geskiedenis nie net 'n gebeure wat 'n menslike dimensie het nie. Die geskiedenis het ook 'n Goddelike dimensie.<sup>553</sup>

Die vraag is egter hoe hierdie onsigbare, Goddelike dimensie aangetoon kan word. 'n Vraag wat Heyns redelik as vanselfsprekend laat verbygaan.

Moltmann daarenteen, beskryf die menslike kant in die geskiedenis in fyner besonderhede. Hy plaas veral klem op die politieke geskiedenis<sup>554</sup>, aangesien “ryk” en “regeer” politieke terme of begrippe is. Die ontwikkeling wat die kerk byvoorbeeld in die geskiedenis ondergaan het, van martelare na heersers, in die tyd van Keiser Konstantyn, is vir hom die bewys dat God deur die kerk in die geskiedenis regeer. Sodoende omskep Moltmann die apokaliptiese martelaarseskatalogie in 'n millennialistiese ryksteologie.<sup>555</sup>

Die kerk, wat eers martelare was en onder vervolging deurgeloop het, se lot is aansienlik verander. Die kerk het staatskerk geword en deur die regering van die kerk en staat, wat met mekaar geïdentifiseer is, sien Moltmann die koms van die koninkryk van God. Daarin sien Moltmann die vervulling van die

---

<sup>553</sup> Heyns JA, *Teologiese Etiek 2/1*. 1986, 42-43.

<sup>554</sup> Moltmann J, *aw*, 1995, 150-151.

<sup>555</sup> Moltmann J, *aw*, 1995, 182-184. Vergelyk ook Bentley W, *The kingdom of God in Moltmann's eschatology: A South African perspective*, 2003, 60-82.

apokaliptiese eskatologiese profesieë van Openbaring, waarin geprofeteer word dat die kerk saam met Christus sal regeer vir 'n duisend jaar.<sup>556</sup>

Heyns wat meer op die besondere openbaring as op die algemene openbaring in die geskiedenis konsentreer, sal waarskynlik versigtiger wees om op dieselfde manier as Moltmann, lyne deur te trek tussen die koninkryk van God en die gestaltes van die koninkryk van God. Heyns sal nie soos Moltmann die regering van die mens of die regering van die kerk, sondermeer gelykstel aan die regering van God nie. Vir Heyns is die kerk en die staat nie identies aan die koninkryk van God nie. Die kerk, as *teken* van die koninkryk, en die staat as samelewingsverband, rig egter wel *gestaltes* van die koninkryk van God op wanneer hulle, in gehoorsaamheid aan God, hulle roeping vervul.<sup>557</sup>

Ons sal eerder met Heyns se siening kan saamstem, as om Moltmann se panenteïstiese standpunt te aanvaar. Onvolmaakte en deur die sonde bevelte menslike regeringswyses kan nooit op dieselfde vlak geplaas word, as die volmaakte heerskappy van die heilige God nie. Dan word die koms van die koninkryk van God niks anders as 'n menslike heerskappy wat deur menslike toedoen bewerkstellig moet word nie. Dan regeer God nie regtig meer soewerein en objektief nie, nie meer teïsties nie, maar panenteïsties.

Om die bespreking van die Paterokrasie af te sluit, kan vervolgens verwys word na Heyns, wat skryf dat Jesus uitdruklik in die *Onse Vader* gebed sê dat die koninkryk aan die Vader behoort (Matteus 6:10). Hy is die Koning wat heers, wat besit en wat uitdeel. Die Vader heers ten spyte van die honger en dors, van blindheid en melaatsheid, van liefdeloosheid en ongeregtheid, van pyn en dood in die wêreld en nie 'n blinde noodlot of die toeval nie. Heyns wys daarop dat die Vader se heerskappy in staat is om alles anders en nuut te maak en daarom vra die burgers van die koninkryk nie van ander – magte of mense – om die wêreld nuut te maak en in hulle node te voorsien nie, hulle vra vir die

---

<sup>556</sup> Moltmann J. *aw*, 1995, 184.

<sup>557</sup> Vergelyk Heyns JA, *Dogmatiek*, 1981, 353, asook *Teologiese Etiek 2/1*, 1986, 39. Theron gee toe dat die kerk en die koninkryk vir Heyns nie identies is nie, maar na sy mening is die twee begrippe vir Heyns so naby aan mekaar, dat hy dit nie maklik uit mekaar kan hou of met mekaar in verband kan bring. Vergelyk Theron DF, *Skrif en Kerk* 15(1)1994, 113-114.

Vader. Hý heers, en daarom het Hý vir Heyns die reg en die mag en die wysheid om te kan heers. Daarom kom Heyns tot die gevolgtrekking dat God se kinders die reg en die vryheid het, om hulle tot Hom te wend. Selfs in 'n wêreld van bose magte, oordeel Heyns, moet gelowiges weet dat hulle onder die heerskappy van God staan. Volgens Heyns het God Homself as Vader aan sy kinders gegee en daarom verwag Hy dat hulle aan Hom gehoorsaam sal wees (Matteus 7:21). Daarom vergewe Hy oortredinge (Matteus 6:15), voed Hy en gee Hy kleding (6:25). Hy openbaar Hom aan kindertjies (11:25) en Hy gee aan Jesus sy uitverkorenes (Johannes 10:28), wat Hy ook bewaar (Johannes 17:11).<sup>558</sup>

## **2.2. Christokrasie:**

Die heerskappy van God het ook 'n Christologiese dimensie. Volgens Heyns verbind Jesus egter die koninkryk nie net met die Vader nie, maar ook met die Seun. Daarmee open Hy ook 'n *Christologiese* perspektief op die koninkryk. Die Seun van die mens neem nie net 'n sentrale plek in die koninkryk in nie, maar die koms van die Seun van die mens *is* ook die koms van die koninkryk (Matteus 16:18, Markus 9:1, Matteus 11:4 en volgende). Heyns wys daarop dat dit die rede is waarom Jesus kon praat van die koninkryk van die Seun van die mens (Matteus 13:41, 16:28), en dat Hy die goddelike gerig sal voltrek, aangesien die volmag in sy hande geleë is (Matteus 19:28, 26:64). Jesus Christus is vir Heyns die Messias-koning, en met sy koms het ook die koninkryk gekom, en omdat Hy weer sal kom sal die koninkryk in vervulling gaan. Heyns oordeel dat die drumpel van die groot toekoms deur Jesus Christus se koms bereik is en dat die afsluitende goddelike drama in alle erns daarmee saam kon begin. Dit is volgens Heyns se siening die prinsipiële-heilshistoriese onderskeid tussen die koninkryk wat Johannes die Doper verkondig het en die koninkryk wat Jesus verkondig het. Johannes die Doper kondig aan dat die koninkryk nog toekomstig is, terwyl Jesus aantoon dat die koninkryk 'n aanwesige werklikheid is: die Koning is hier en Hy begin met sy heerskappy (hier dink Heyns veral aan Jesus se antwoord op die onsekerheid en die twyfel van Johannes die Doper – Matteus 11:1-6), al is die volheid en die finaliteit van sy heerskappy ook nog 'n

---

<sup>558</sup> Heyns JA, *Dogmatiek*, 1981, 276.

toekomstige werklikheid, maar Jesus Christus is ook die Messias-profeet. Hy bring, naas die werklikheid ook die boodskap van die koninkryk, en sorg dat die boodskap tot in lengte van dae op aarde sal weerklink. Daarom is dit vir Heyns duidelik dat die aanwesigheid, sowel as die modus van die aanwesigheid van die koninkryk, bepaal word deur die modus van Jesus se aanwesigheid in hierdie wêreld. Dat die wêreld van God se verlossing en versoening in die teenwoordige tyd deurgebreek het, was vir Jesus se tydgenote volkome onbegryplik en onaanneemlik, soos Heyns dit sien. Dit is, volgens Heyns die rede waarom Jesus dit die misterie van die koninkryk genoem het.<sup>559</sup>

Sonder 'n Christokrasie sou die koninkryk maklik 'n metafisiese of spiritualistiese grootheid kon word, meen Heyns. Hy beskou die hantering van 'n Christokrasie naas die Teokrasie en Pneumatokrasie nie as 'n onnodige verdubbeling nie. In Jesus Christus het die koninkryk met God as heerser, met die (gelowige) mens as burger en met die mag van versoenende liefde in die wêreld, 'n konkrete werklikheid geword. In Jesus se boodskap aangaande die koninkryk is drie begrippe vir Heyns van die allergrootste belang: Vaderskap, kindskap en broerskap.<sup>560</sup>

König is dus nie reg as hy beweer dat die koninkryk van God beelde van oordele en straf oproep en dat die verbond dus 'n beter sentrale tema vir die bestudering van die Skrif is, as die koninkryk van God nie.<sup>561</sup> Daarom word daar ook nie in dié verband met Theron saamgestem, wat in sy promotor se voetspore volg en beweer dat die verbond 'n beter sentrale sistematies-teologiese kategorie, as die koninkryk van God is nie.<sup>562</sup> Heyns is reg as hy beweer dat die koninkryk van God 'n omvattender begrip is, as die verbond en dat dit in die koninkryk nie net oor oordeel en straf en wette en gehoorsaamheid gaan nie, maar ook oor die liefdesverhouding tussen God en sy kinders en tussen broers en susters in die geloof, en die vergewensgesindheid wat daar

---

<sup>559</sup> Heyns JA, *Dogmatiek*, 1981, 276-277.

<sup>560</sup> Heyns JA, *Teologiese Etiek 2/1*. 1986, 44.

<sup>561</sup> König A, *Teologie as Eskatologie: 'n Dogmaties-etiese perspektief*, Referaat gelewer tydens die opening van die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Pretoria, op 1 Februarie 1999, 32.

<sup>562</sup> Vergelyk Theron DF, *Skrif en Kerk* 15(1)1994, 117, wat weliswaar nie die term "sistematies-teologiese kategorie" gebruik nie, maar die saak waaroor dit gaan bly dieselfde.

tussen hulle moet wees. Dit het Christus, na Heyns se oordeel, duidelik beklemtoon in sy prediking aangaande die koninkryk van God.<sup>563</sup>

Die koninkryk van God staan vir Heyns nie net sentraal in die Bybel nie, maar veral ook in die persoon en werk van Jesus Christus. Christus is vir Heyns 'n besondere Gestalte van die koninkryk, aangesien Hy nie alleen die Koning van die koninkryk is nie, maar ook met sy persoon en werk die gehoorsaamheid van die onderdane in die koninkryk ten toon gestel het. Heyns wys daarom dat Jesus dit ook in sy drievoudige amp gedoen het. Hy is die Woord. Hy verkondig die Woord as Profeet, Hy is die Priester wat Homself geoffer het, en is die Koning wat verheerlik moet word. Volgens Heyns was die tema van Jesus se intrepreek waarmee Hy sy openbare optrede op aarde begin het (Matteus 4:17, Markus 1:14) en sy finale afskeidspreek waarmee Hy sy openbare optrede afgesluit het (Handelinge 1:3), die koninkryk van God. In die drievoudige amp van Jesus Christus gaan dit vir Heyns om die Middelaar self, maar ook om Hom as middel in diens van die koninkryk. Jesus se Woorduitleg noem Heyns Selfuitleg, maar soos Heyns dit sien, strek dit veel verder en dieper, want dit wil die totaliteit van die werk ook van die Vader en van die Heilige Gees insluit. Sy boodskap van die koninkryk is uiteraard nie nuut en vreemd nie, dit het Ou Testamentiese wortels en sluit ook aan by die prediking van Johannes die Doper (Matteus 3:2). Die koninkryk is 'n enkele begrip waarin die ganse inhoud van Jesus se prediking saamgevat kan word, maar na Heyns se mening het dit 'n uiters gekompliseerde inhoud.<sup>564</sup>

Onder die Christokrasie verstaan Heyns dat Jesus die lewende Heer is, wat as Hoof van die kerk en kosmos, heerskappy voer. In en deur die gelowige mens se gehoorsaamheid aan Christus word die mens mondige burgers van die koninkryk. Aangesien Jesus Christus oor ons en deur ons heers, is ons ook, na Heyns se oordeel, heersers. Die feit dat Jesus Heer is, beskou Heyns nie alleen as 'n oerchristelike belydenis nie, vir hom is dit selfs konkreter en duideliker as die Ou Testamentiese belydenis van God se heerskappy. Dit staan vir hom ook

---

<sup>563</sup> Heyns JA, *Dogmatiek*, 1981, 277. Vergelyk byvoorbeeld Matteus 18:21-35. Sien ook Gundry, RH, *aw*, 1983, 370-375.

<sup>564</sup> Heyns JA, *Dogmatiek*, 1981, 276.

diametraal teenoor die humanistiese verklaring, wat Heyns ook as 'n geloofsbelydenis beskou, naamlik 'n geloofsbelydenis van die outonomie van die mens.<sup>565</sup>

Volgens Heyns se interpretasie is dit die duidelike getuienis van talle Skrifbewyse dat Jesus koning is, met 'n ryk waaroor Hy heerskappy uitoefen. Hy maak vrylik gebruik van tekslyste as Skrifbewyse om sy standpunt te regverdig wanneer hy skryf dat Jesus self daarvan praat: Johannes 8:36,37 (vergelyk Lukas 23:2) en reeds by sy geboorte het die engel gesê dat Hy as koning oor die huis van Jakob sal heers tot in ewigheid, en dat daar aan sy koningskap geen einde sal wees nie (Lukas 1:32,33). Heyns oordeel dat gelowiges en ander verklaar het, dat Jesus koning is, aan die hand van Johannes 1:49; 1 Korintiërs 15:25; Johannes 18:39. Terwyl ander vir Jesus koning wil maak of Hom juis as koning bespot (Johannes 6:15; Matteus 21:9, Johannes 19:3, 19,21). Vir Heyns is dit geen probleem om te sê dat die koningskap van Jesus Christus reeds in die Ou Testament voorspel is nie. Hy beskou Psalm 2:6; 110:1,2; Daniël 7:14; Jesaja 9:5 as voorspellings van Jesus Christus se koningskap.<sup>566</sup>

Dit is egter nie vir al die Ou Testamentiese Bybelwetenskaplikes so maklik om teksverse in die Ou Testament as voorspellings van Jesus Christus se koningskap, of enige iets anders wat op Jesus Christus sou dui, te interpreteer nie, aangesien hulle die profesieë meer histories en tydgebonde verstaan, as om dit, soos Heyns gedoen het, futuristies te vertolk.<sup>567</sup>

Heyns verbind verder ook stryd en oorwinning met die koningsbeeld in die Ou Testament. Die Ou Testamentiese konings het namens God en as middel van God gestry en oorwin. In die Christusgebeure sien Heyns die strydende en oorwinnende koningsdaad van God in en ten behoeve van hierdie wêreld. Jesus Christus se koninklike amp wil dus, na Heyns se oordeel, die regeer-

---

<sup>565</sup> Heyns JA, *Teologiese Etiek 2/1*, 1986, 45.

<sup>566</sup> Heyns JA, *Dogmatiek*, 1981, 273.

<sup>567</sup> Vergelyk Westermann C, *Hoofdlinjen van een theologie van het Oude Testament*, 1981, 218-231.

stryd- en oorwinningsaspek van sy verlossingshandelinge uitlig en beklemtoon.<sup>568</sup>

Net soos die Vader en die Heilige Gees regeer Jesus as *Logos incarnandus*, volgens Heyns, van die begin van die skepping af oor die werke van God se hande, en is Jesus ook in die voorsienigheid besig met die kontinuering van die skepping. As *Logos incarnatus* is Hy vir Heyns Koning van kerk en wêreld – al regeer Hy oor elkeen op 'n ander wyse. Bewyse hiervoor kry Heyns in die briewe van Paulus aan die Efesiërs en die Kolossense. Volgens Heyns, word dit duidelik gestel dat Jesus Christus heerskappy voer oor alle magte en kragte, dat alles in die hemel en op die aarde deur Hom en tot Hom geskape is, en dat alle dinge in Hom stand hou (Kolossense 1:16, 17; Efesiërs 1:10).<sup>569</sup>

Die vrug van die koning, Jesus Christus, se versoeningswerk in die geskiedenis, kom vir Heyns tot 'n besondere openbaring in sy koninklike optrede teenoor die duiwel. Al is Jesus soos 'n sondige mens versoek, word dit vir Heyns duidelik dat Hy in alle opsigte die versoeker se meerdere is. Heyns wys daarop dat Jesus die woord van sy Vader Koninklik hanteer in die stryd en triomferend elke versoeking weerstaan het. In destydse oorlogskategorieë skryf Heyns dat die oorwonne duiwel die strydveld verlaat (Matteus 4:1, en volgende), soos al die ander demone waarmee Jesus Christus in aanraking gekom het, ook moes doen. Hy verwys ons hier na Lukas 4:35; Kolossense 2:15. Jesus Christus heers ook, aldus Heyns, koninklik oor die gevolge van die sonde in die lewe van mense, want Hy genees siekes, Hy laat blindes weer sien, kreupeles laat Hy weer loop en Hy rig dooies weer op (Matteus 11:5). Met sy natuurwonders bewys Hy, na Heyns se mening, sy mag oor die natuur, want alle mag in hemel en op aarde behoort aan Hom (Matteus 28:18; vergelyk Filippense 2:9; Openbaring 5:1, en volgende). Volgens Heyns het Jesus selfs die dood oorwin en na sy hemelvaart sit Hy aan die regterhand van die Vader en gaan Hy voort met sy heerskappy deur die Heilige Gees en die verkondiging

---

<sup>568</sup> Heyns JA, *Dogmatiek*, 1981, 273-274. Vergelyk Heyns JA, *Teologiese Etiek 2/1*, 1986, 44-48.

<sup>569</sup> Heyns JA, *Dogmatiek*, 1981, 274. Vergelyk ook Heyns JA, *Teologiese Etiek 2/1*, 1986, 46-47.



van die Woord. Sodoende lei Jesus Christus, volgens Heyns, sy kerk na die volheid wat Hy verwerf het, en Hy lei die wêreld na die voleinding.<sup>570</sup>

Heyns is nie geïnteresseerd in die vraag presies hoe Jesus dit doen en hoe dit aangetoon kan word nie. Die feit dát Jesus dit doen, is vir Heyns belangriker. Heyns sê egter wel dat Jesus Christus se heerskappy onmiddellik en middellik is. Hy heers onmiddellik of direk in die harte van mense, maar Hy maak ook van middels, die mense in die wêreld, gebruik. Dit doen Jesus, volgens Heyns, of hulle dit wil weet of nie. Jesus gebruik hulle om sý doel te bereik. Sodoende maak Jesus Christus ook van die diens van mense gebruik in die opbou van sy kerk. Profeet, priester en koning is vir Heyns die drieledige amp (*munus triplex*) waartoe Jesus Christus sy gelowiges roep en wat hulle in die kerk én in die wêreld moet uitoefen.<sup>571</sup>

Dit wil voorkom asof Heyns dit nie deterministies of meganies wil verstaan nie. Christus lei die mens (gelowig of ongelowig) op dieselfde wyse, as wat die Heilige Gees die Bybelskrywers gelei (geteopneustiseer) het om die Bybel op skrif te stel. Met ander woorde “dialogies” – om Heyns se term vir die organiese inspirasieteorie te gebruik. Dit kan gemotiveer word uit Heyns se reaksie op Vos se kritiek in verband met die inspirasie van kunstenaars. Dit is Vos se siening dat wanneer Heyns sê dat die idee of beeld aan die kunstenaar gegee word, dit te veel na ‘n soort meganiese inspirasie klink, aangesien die skeppingsproses vir Vos té dinamies is om dit só te beskryf.<sup>572</sup>

Heyns se weerwoord hieroor is dat hy die skeppende aandeel van die Bybelskrywers probeer uitwerk het rondom die begrip: dialogiese inspirasie. Dit het hy gedoen in ‘n poging om sover as moontlik van die meganiese opvatting van die inspirasie weg te kom en die tradisionele organiese inspirasie duideliker te verstaan. In dié verband gebruik Heyns die voorbeeld van die digter DJ Opperman, wat praat van die engel wat uit die klip gehaal moet word. Volgens Heyns moet die kunstenaar tog eers die engel in die klip kon “sien”. Hierdie

---

<sup>570</sup> Heyns JA, *Dogmatiek*, 1981, 274.

<sup>571</sup> Heyns JA, *Dogmatiek*, 1981, 274.

<sup>572</sup> Vos CJA, Dansmaats: dogmatiek/etiek en homiletiek, in *Skrif en Kerk*, 15(1)1994, 57-58.

“sien” of “voel” of “gewaar word” van die engel, of sy buitelyne is tog op die een of ander manier aan die kunstenaar gegee. Heyns glo nie dat hierdie proses van gee aan en ontvangs deur die kunstenaar, met meganiese inspirasie vergelyk kan word nie.<sup>573</sup> Heyns skryf dat die besinning oor die wese van die kuns, en die taak van die kunstenaar moet begin by die feit dat die mens geskep is na die beeld van God. As gevolg daarvan is hy deur God van nature toegerus met ‘n groot verskeidenheid vermoëns; soos onder andere skeppingsvermoëns, waarnemingsvermoëns, denkvermoëns, en verbeeldingsvermoëns – en uiteraard ook ‘n brandende passie om dit te gebruik in sy omgang met die skepping.<sup>574</sup> Daarom kan gekonkludeer word dat die wyse waarop God middels gebruik in sy koninkryk, nie vir Heyns meganies of deterministies is nie, maar dialogies.

Vir Heyns is dit verder ook duidelik dat Jesus se koningskap, net soos die Vader en die Gees s’n, ewig is en dat die ganse wêreld eenmaal Jesus Christus as Koning sal erken (Jesaja 11:6, en volgende; Filippense 2:10; Openbaring 19:16). Dit beteken nie vir Heyns dat die wyse en die vorm van Jesus se heerskappy in die voleinding nie sal verander nie. Wanneer Hy as Koning by sy wederkoms die oordeel sal uitspreek, sal alles aan Hom onderwerp wees, en sal Hy alles aan die Vader oorhandig (1 Korintiërs 15:28). Daarmee kom slegs die Messiaanse karakter van sy koningskap vir Heyns tot ‘n einde en nie sy koningskap self nie. Heyns verwoord dit versigtig as hy beweer dat wanneer die Seun voor die Vader terugstaan, die Seun nie in die proses verdwyn nie. Volgens Heyns word ‘n eie Christokrasie dan opgeneem in die trinitariese Teokrasie.<sup>575</sup>

Wanneer Heyns daarna tussen die drie ampte van Jesus onderskei, wil hy nie daarmee ‘n skeiding in die werk van Jesus Christus impliseer nie. Hoogstens wil hy daarmee bepaalde fasette van Jesus se werk in die koninkryk belig.<sup>576</sup> Jesus verkondig die boodskap van die koninkryk met woord en daad as Profeet.

---

<sup>573</sup> Heyns JA, ‘n Weerwoord, in *Skrif en Kerk*, 15(1)1994, 159. Vergelyk ook in dié verband Dijk K, *aw*, 101, wat beweer dat die inspirasie van die Bybelskrywers verhewe is bo die talent wat kunstenaars ontvang het.

<sup>574</sup> Heyns JA, ‘n Weerwoord, in *Skrif en Kerk*, 15(1)1994, 159-160.

<sup>575</sup> Heyns JA, *Dogmatiek*, 1981, 274-275.

<sup>576</sup> Heyns JA, *Dogmatiek*, 1981, 275.

Heyns beskou die wonders wat Jesus doen as die toekoms-in-die-hede-in-trekkende tekens, en as sodanig dus ook veel meer as maar net tekens: hy noem dit flitsende demonstrasies van die aanbreekende koninkryk – gefragmentariseerde brokstukke wat wil sê: só sal die koninkryk eenmaal daar uitsien!<sup>577</sup>

Die Christokratiese karakter van die heerskappy van God dui vir Heyns nie alleen op die heerskappy van Jesus Christus oor hemelse en aardse magte nie, maar andersyds word Christus se permanente oorwinning oor die bose ook daardeur aangekondig. Al die gelowiges deel in Jesus Christus se oorwinning. Dit impliseer verder vir Heyns dat gelowiges per definisie strydters (*militia Christiana*) vir God se koninkryk word, wat veg teen die vyandige anti-, post- en a-Christelike magte, wat die koninkryk van God wil vernietig.<sup>578</sup>

### **2.3. Pneumatokrasie:**

Vervolgens het die heerskappy van God ook 'n Pneumatokratiese dimensie. Volgens Heyns was Jesus toegerus met en gelei deur die Heilige Gees. Dit was vir Heyns die beginsel en die krag wat Jesus se werksaamheid van die begin tot die einde as Messiaanse ampsvervulling gekenmerk het. In Jesus se versoeking sien Heyns 'n bedreiging vir Jesus se Messiaanse koningskap en koninkryk, maar deur die krag van die Heilige Gees het Christus oorwin en is dit tegelykertyd ook die begin van die oorwinning van die koninkryk (Matteus 12:28, vergelyk Lukas 4:14). Wie aan die ander kant – soos die Skrifgeleerdes van ouds – dié werk van Jesus nie gelowig aanvaar nie, maar dit aan bose werkinge toeskrywe, word volgens Heyns, skuldig aan laster en sonde teen die Heilige Gees (Markus 3:29; vergelyk Matteus 12:31). Jesus stel dit, volgens Heyns, duidelik dat die toegang tot die koninkryk alleen moontlik is, deur 'n geboorte uit die Gees (Johannes 3:5), want geen mens gaan langs 'n natuurlike weg die koninkryk binne nie. Dit is nie al nie: die gelowiges moet ook om die gawe van die Heilige Gees bid (Lukas 11:13), want hierdie gawe van die Heilige

---

<sup>577</sup> Heyns JA, *Dogmatiek*, 1981, 272.

<sup>578</sup> Heyns JA, *Teologiese Etiek 2/1*, 1986, 47.

Gees stel mense in staat om soos burgers van die koninkryk, in die waarheid te kan lewe (Johannes 16:13).<sup>579</sup>

Na Heyns se oordeel sit die Vader sy heerskappy voort in en deur die Heilige Gees. Hy wys daarop dat die Heilige Gees in Johannes 14:6 die ander Voorspraak genoem word, wat die Vader op versoek van Jesus, na die wêreld gestuur het.<sup>580</sup>

Volgens Heyns is die burgers van die koninkryk volledig onder beheer van die Heilige Gees. Ook hier dink Heyns waarskynlik nie in 'n deterministiese en meganiese sin, soos hierbo aangetoon is nie. Die Heilige Gees gee, aldus Heyns, aan die burgers in die koninkryk in wie Hy woon: die lewe, die waarheid en die vryheid. Hulle word nie langer gemanipuleer deur allerlei verslawende magte en afgode nie. Daaroor kan die gelowiges volgens Heyns heers, omdat die Heilige Gees in gelowiges heers. Die ryk wat die Gees bou, is volgens Heyns die ryk van bekering en geloof, insig en verandering, instemming en gehoorsaamheid, vergifnis en genade. Hierdie inwonende karakter van die Heilige Gees maak gemeenskap tussen die burgers van die koninkryk moontlik en bepaal ook die lewensnorme van die koninkryksburgers. Die ryk van die Heilige Gees is volgens Heyns nie 'n ryk van geweld nie, maar dit beteken hoegenaamd nie dat dit nie 'n ryk is waarin daar nie ingrypende dinge gebeur nie. Dit werk dinamies deur na al die wêreldstrukture en instellinge waarin onreg en verslawing ingebou is, en open daarin en daaraan totale nuwe moontlikhede en uitsigte. Volgens Heyns, werk die Heilige Gees, net soos die Seun en die Vader, onmiddellik en direk, maar ook middellik en indirek en wel deur mense in wie Hy 'n nuwe lewe skep. Op hulle beurt, gee hulle aan hulle nuwe lewe in die verloop van die geskiedenis gestalte.<sup>581</sup>

Ek vind dit tog jammer dat Heyns nie hier verwys na teksgedeeltes soos Romeine 8:1-17, Galasiërs 5:13-26, asook Efesiërs 5:6-20, maar veral vers 18 nie. Daarin word die stryd wat gelowiges ervaar tussen die oorheersing deur

---

<sup>579</sup> Heyns JA, *Dogmatiek*, 1981, 277.

<sup>580</sup> Heyns JA, *Dogmatiek*, 1981, 276. Vergelyk Heyns JA, *Teologiese Etiek 2/1*, 1986, 42.

<sup>581</sup> Heyns JA, *Teologiese Etiek 2/1*, 1986, 43-44.

hulle sondige natuur en die heerskappy van die Heilige Gees in hulle lewe pertinent bespreek.<sup>582</sup> Alhoewel Heyns hierdie feite in die verbygaan noem, wil dit tog voorkom asof hierdie uiters belangrike aspekte deur Heyns hier onderbelig is. Die koninkryk van God word juis in die lewe van gelowiges verwesenlik, wat al minder onder die heerskappy van hulle sondige natuur verkeer en al meer gehoorsaam is aan die heerskappy en wyse leiding van die Heilige Gees. Ons sou in dié verband kon praat van die intensiewe of kwalitatiewe groei van die koninkryk van God in die lewe van gelowiges. In dieselfde mate as wat gelowiges groei in hulle gehoorsaamheid aan die leiding van die Heilige Gees en hulle dus toenemend gehoorsaam onderwerp aan die regering van die Heilige Gees, in daardie selfde mate word die koninkryk van God in hulle lewe toenemend gerealiseer. Later sal ons dieper delf in die realisering van die koninkryk van God.

Jesus belowe ook aan die apostels in Handeling 1:8 die krag wat hulle nodig het om getuies vir Hom reg oor die wêreld te wees. Hierdie krag van die Heilige Gees stel dus die gelowiges in staat om medewerkers aan die uitbreiding of realisering van die koninkryk van God te wees op 'n ekstensiewe of kwantitatiewe wyse. Deur die heerskappy van die Heilige Gees word die apostels se prediking dus effektief.<sup>583</sup> Dit is jammer dat Heyns nie ook dit hier vermeld het nie.

### ***3. Die Teokratiese regeringsmodus:***

Noudat ons bevestig het dat God drie-enig regeer, verskuif ons fokus nou na die wyse waarop Hy regeer. God drie-enig heers, soos Heyns dit sien, deur sy ewige Raadsbesluite. Heyns beskou God se Raadsbesluite nie as besluite wat net in die verlede geneem is nie. God se Raadsbesluite is vir Heyns voortgaande besluite wat toenemend gerealiseer word. Sodoende weet God nie net wat vooruit gaan gebeur nie, Hy bepaal ook vooruit wat sal gebeur.<sup>584</sup>

---

<sup>582</sup> Vergelyk Käsemann E, *Commentary on Romans*, 1980, 212-229, Bruce FF, *Commentary on Galatians*, 1985, 237-258, asook Schlier H, *Der Brief an die Epheser*, 1971, 235-250.

<sup>583</sup> Vergelyk Bruce FF, *Commentary on the Book of Acts*, 1976, 38-39.

<sup>584</sup> Heyns JA, *Dogmatiek*, 1981, 74.

In sy beskrywing van die voorsienigheidsleer, skryf Heyns dat die tweede aspek van die voorsienigheid, God se regering is. (Die eerste aspek is die onderhouding). Na Heyns se oordeel, het God in die skepping sy regeringsmag bekend gemaak. Nou gaan Hy regerend voort met die resultaat van sy skeppingsmag. Waar die onderhouding die aksent op die voortsetting van die skepping plaas, aksentueer Heyns hier in die regering, veral die *realisering* van die doel van die skepping.<sup>585</sup>

God heers oor alles en almal.<sup>586</sup> Heyns sê dat Hy heers oor die ruimte wat Hy vir die sonde geskep het, én oor wat in dié ruimte gedoen word.<sup>587</sup> In sy beskrywing van die verhouding tussen God se voorsienigheid en die sonde, skryf Heyns dat God oor die kwaad heers, deur die ontplooiende voortgang daarvan te stuit en selfs die beplanning daarvan te deurkruis. Hy hou die kwaad binne sekere grense, en laat dit daarbinne afspeel en uitwoed.<sup>588</sup>

Wat die kerk se kritiese solidariteit met die wêreld aanbetref, skryf Heyns dat die sondige wêreld aan God behoort, en al is die sonde in die wêreld nie God se sonde nie, heers Hy op so 'n volmaakte wyse ook oor die sonde, dat Hy die wêreld steeds na die bestemming heen lei, soos Hy dit oorspronklik in die oog gehad het.<sup>589</sup>

Wanneer Heyns die mens se etiese lewe, ten tye van lyding in oënskou neem, skryf hy dat God nie magteloos teenoor lyding staan nie. Volgens Heyns heers Hy ook daaroor en gebruik Hy dit in sy diens. (Amos 3:6 en volgende; Jesaja 45:7; Matteus 26:56; Handeling 2:23).<sup>590</sup>

Dit roep dadelik die hele teodisee vraagstuk na vore. Sonder om dit nou hier te bespreek, kan daar tog gevra word of 'n konsekwente handhawing van hierdie dogmatologiese onderskeiding tussen die heerskappy van God en die koninkryk van God nie dalk ander moontlikhede kan open wat ons kan help om nog 'n

---

<sup>585</sup> Heyns JA, *Dogmatiek*, 1981, 149.

<sup>586</sup> Psalm 103:19.

<sup>587</sup> Heyns JA, *Dogmatiek*, 1981, 65.

<sup>588</sup> Heyns JA, *Dogmatiek*, 1981, 153.

<sup>589</sup> Heyns JA, *Dogmatiek*, 1981, 370-371.

<sup>590</sup> Heyns JA, *Teologiese Etiek*, 1982, 494.

greep op hierdie uiters ingewikkelde aangeleentheid te kan kry nie. Dit sal dus later weer ter sprake moet kom.

#### ***4. Gevolgtrekking:***

Ons kan nou vir eers tot die volgende belangrike gevolgtrekkings kom: die opperheerskappy van God kan nie verander nie. Die sonde kan dit nie aantast nie. Lyding kan dit nie vernietig nie. Dit kan nie groei of krimp nie. Dit is onaantasbaar. Dit kan nie gerealiseer word nie en ook nie eskatologies vervul word nie. Dit is onveranderlik en ewigdurend.

Volgens Heyns se beskouing heers God oor en is Hy in beheer van die ganse kosmiese werklikheid, ongeag die feit of mense in Hom glo of nie.<sup>591</sup> Hy regeer oor hemel en aarde en sy heerskappy ken geen einde en geen begin nie, want Hy regeer in ewigheid (Psalm 47:9, 146:10; Jesaja 24:23). Hy regeer dus ook oor hulle wat sy koningskap nie erken nie en dit selfs positief verwerp.<sup>592</sup>

God se ewigdurende opperheerskappy is van niks en niemand afhanklik nie. Selfs al sou daar nie 'n skepping, onderdane en hemelwesens wees nie, sou dit geen verskil aan sy opperheerskappy gemaak het nie, omdat Hy in 'n transendent subjektiewe sin 'n Opperheerser is.

God se heerskappy moet dus in die wydste, omvattendste, ontologiese en universeel-kosmiese sin verstaan word. Dit is ook juis hier waar die verskil tussen God se opperheerskappy en alle ander heerskappye te vinde is. God se opperheerskappy is die enigste heerskappy wat nie afhanklik van onderdane is, of van iets of iemand waaroor daar geregeer kan word nie.

Daarmee het ons voldoende aangetoon wat bedoel word met die heerskappy van God. Om die heerskappy van God te onderskei van die koninkryk van God, gaan ons vervolgens 'n beskrywing gee van die koninkryk van God.

---

<sup>591</sup>Heyns JA, *Teologiese Etiek*, 1982, 34.

<sup>592</sup>Heyns JA, *Dogmatiek*, 1981, 352.